NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-
EKSAMEN

**SEPTEMBER 2010**

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**EERSTE VRAESTEL**

**PUNTE : 70**
**TYD : 2 UUR**

NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2010

# AFRIKAANS HUISTAAL – EERSTE VRAESTEL

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (30) |

2. Lees ALLE instruksies sorgvuldig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: FORUM, SPOTPRENT, ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**FORUM**

**DOEPA VIR AFRIKAANS-KWALE?**

1 Albert Einstein het eens gereken dat ons nie probleme kan oplos deur dieselfde denke wat benut is toe ons iets aanvanklik geskep het nie.

2 Die gesprekke oor die handhawing en uitbouing van Afrikaans as 'n taal van bemagtiging en as 'n hoërfunksietaal kan dus nie geskied binne die etnies gedrewe denkraamwerk nie.

3 Wat nou nodig is, is vars en nuwe denke en idees deur ontwikkelingspraktisyns, akademici en belanghebbendes wat verbind is tot die waardes van ons nasionale Grondwet en wat die gemeenskap- en nasiebou-moontlikhede wat Afrikaans bied ten volle wil ontgin.

4 Die idee van 'n gratis Afrikaanse universiteit is geïnspireer deur vars en nuwe denke wat verband hou met die benutting van taal as 'n bemagtigings- én 'n hoërfunksie instrument.

5 Hierdie benadering is eintlik nie iets nuuts nie, want dit was die platform waarop al die voormalige eksklusiewe Afrikaanse universiteite gevestig is.

6 Die groot verskil is dat die huidige idee nie 'n nasionalistiese en etnies eksklusiewe grondslag het nie, maar dat dit in bepaalde behoeftes wil voorsien.

7 Een van die behoeftes is om leerders wat oor die potensiaal beskik, maar wie se ouers nie universiteitsgeld kan bekostig nie, toegang tot universiteitsopleiding te gee.

8 Die situasie word vererger deur die nasionale beursprogramme, die openbare en die private sektor wat beurse op 'n rassegrondslag beskikbaar stel of beursaansoekers aan diskriminerende bepalings onderwerp.

9 Begrip daarvoor taan, veral vanweë wanpraktyke waaraan sommige beurshouers hulle skuldig maak, soos onrus en vandalisme op kampusse, gebrek aan dissipline en toewyding, akademiese belangeloosheid en onderprestasie.

10 'n Tweede behoefte is om leerders wat hul tersiêre opleiding in Afrikaans wil ontvang, die geleentheid daartoe te bied.

11 Onlangse navorsing wat verband hou met die stand van ons universiteite, identifiseer die gebrek aan moedertaalonderrig as een van die belangrikste faktore wat akademiese onderprestasie tot gevolg het.

12 Dit is immers die basis vir akademiese voortreflikheid en skeppendheid en die doeltreffendste manier om Afrikaans te handhaaf en verder te ontwikkel.

13 'n Derde behoefte is om baie meer leerders toegang tot tersiêre opleiding te gee.

14 Intussen skiet dwelmmisbruik, misdaad, bendebetrokkenheid en die tronkbevolking die hoogte in. Reeds stuur ons op 'n sosiaal-maatskaplike en ekonomiese krisis af wat vorentoe net gaan vererger as daar nie drastiese sosiale intervensies uit eie geledere en in vennootskap geïnisieer word nie.

15 Ook is die huidige aantal tersiêre inrigtings hopeloos te min vir al die aansoekers en is daar beslis 'n behoefte aan gemeenskapsgerigte en ondersteunde instellings wat in spesifieke behoeftes voorsien.

16 Dit sluit natuurlik die idee van 'n gratis Afrikaanse universiteit in.

17 Die haalbaarheid van hierdie idee is egter onderworpe aan finansiering, 'n bekostigbare en effektiewe onderrigmodel en huisvesting, kurrikulum-lewering, vennootskappe en vele ander faktore wat, as ons dit nie behoorlik deurtrap nie, die skip sal laat sink nog voordat dit te water gelaat is. Moet ook nie uitsprake van die sinici nalaat nie.

18 Vir finansiering sal so 'n projek uit die staanspoor aangewese wees op bydraes deur vermoëndes wat dit goedgesind is.

*[Verwerk uit: Die Burger, 16 Januarie 2010]*

1.1 1.1.1 Wie het beweer dat probleemoplossing andersdenkendes nodig het? (1)

1.1.2 Watter leestegniek het jy gebruik om die antwoord op VRAAG 1.1.1 te bepaal? (1)

1.2 Wat is die skrywer se houding oor die handhawing van Afrikaans as 'n hoërfunksietaal? Motiveer jou antwoord uit die leesstuk. (2)

1.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van 'die etnies gedrewe denkraam-werk' (paragraaf 2)? Gee TWEE moontlikhede. (2)

1.4 Aan watter vereistes moet akademici voldoen rakende die hele nuwe denke oor Afrikaans? (2)

1.5 Oor watter EEN van die drie genoemde behoeftes voel jy die positiefste? Motiveer kortliks. (2)

1.6 Waarom kan beurse as 'n vlieg in die salf beskou word? (1)

1.7 Watter les is daar te leer vir die beplanners van leerders se leermateriaal? (1)


1.8 Om watter rede bepleit die skrywer sosiale intervensie? (1)

**EN**

## SPOTPRENT

Dit spruit uit die praktyk van sommige parlementslede (LP's) om eerder per motor te reis as te vlieg. Vir 'n rit padlangs tussen Kaapstad en Johannesburg mag LP's 'n ruim eis van R12 600 indien.

Die terwyl 'n retoer-vliegkaartjie die parlement slegs R4 300 kos.




*[Uit: Die Burger, 22 Januarie 2010]*

1.9 Hoe dra die twee persone se kleredrag by tot hulle onderskeie beroepe? (2)

1.10 Wat word deur die roete R1575 gesuggereer? (1)

1.11 Watter ingesteldheid word deur die groot persoon se liggaamshouding oorgedra? (1)

1.12 Waarvan word sommige parlementslede in hierdie spotprent beskuldig? (1)

1.13 Wat is ironies aan die parlementslid se werksetiek? (1)

1.14 Verduidelik "aan die pen ry" in jou eie woorde. (1)

EN

## ADVERTENSIE




*[Verwerk uit: Die Burger, 16 Januarie 2010]*

1.15 JIP is 'n bylaag geskoei op julle, as leerders. Veronderstel JIP was 'n akroniem, waarvoor sou dit staan? (1)

1.16 JIP is ook 'n tipiese jongmens-uitdrukking. Wat beteken dit? (1)

1.17 Watter rol speel die illustrasie in die geslaagdheid van die Dinsdag bylaag? (2)

1.18 Waarom, dink jy, het Vrydag! 'n uitroepteken by? (1)

1.19 Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING? Motiveer jou antwoord.

Daar's 'n dag net vir jou! (2)

1.20 Dié begripstoets was geskoei op 'n forumartikel, 'n spotprent en 'n advertensie. Kies 'n onderwerp uit KOLOM B om by 'n teks in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.20.1 – 1.20.3).

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.20.1 Forumartikel | A Korrupsie |
| | B Partypolitiek |
| 1.20.2 Spotprent | C Vernuwing |
| | D Ekonomie |
| 1.20.3 Advertensie | E Verskeidenheid |

(3)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming in jou eie sinne. Gee SEWE voordele van nutriseutiese aanvullings, jou beskermende veiligheidsnet vir gesondheid. Moenie 90 woorde oorskry nie. Jou opsomming moet puntsgewys wees.

**JOU LEEFSTYL KAN GEVAARLIK WEES**

1. Feite!
   - Alkohol beskadig inwendige organe en versteur die hormoonbalans.
   - Rook veroorsaak hartaanvalle en longkanker.
   - Stres beskadig breinselle en verhoog die risiko van hartaanvalle met 300 – 600%.
   - Sonlig veroorsaak velkanker.

2. Hierdie probleme ontstaan egter nie oornag nie. Dit spruit voort uit skade wat jare akkumuleer. As jy wag tot dit te laat is, is daar dikwels nie veel wat jy kan doen nie. Jy kan egter voorkom dat hierdie probleme ontstaan deur vroeg reeds in te gryp nog voordat enige probleme ontwikkel het en deur nutriseutiese aanvullings te gebruik wat 'n beskermende veiligheidsnet vir jou gesondheid verskaf.

3. **Anti-Aging anti-Oxidant** help om die liggaam te beskerm teen die hoofoorsaak van veroudering: vrye radikale. Vrye radikale word op natuurlike wyse in die liggaam vervaardig, maar die vlak word verhoog deur rook, alkohol, besoedeling, stres en kunsmatige chemikalieë in kos en drank. Vrye radikale beskadig alle selle, weefsels en organe, wat veroudering van die liggaam en brein tot gevolg het.

4. **Silibinin** 'n plante-ekstrak wat die lewer en ander organe beskerm teen skade wat deur alkohol veroorsaak word. Silibinin moet elke keer gebruik word wanneer meer as twee glase alkohol per geleentheid ingeneem word. Silibinin werk die beste as dit voor of tydens alkoholinname geneem word. Dit is nie so effektief as dit na die tyd geneem word nie.

5. **Eyesight Protection** ™ help om die oë teen skade deur UV-sonstrale te beskerm, die hoofoorsaak van verswakte sig en blindheid namate 'n mens ouer word. Eyesight Protection ™ help ook om gesigsverlies in swak lig, moegheid van oë, onverdraagsaamheid vir skerp lig en ander oogsiektes te voorkom.

6. **Vitamin $D_3$** is die belangrikste vitamien vir beskerming teen kanker - en luidens verslae van mediese sentrums het 90% van Suid-Afrikaners 'n tekort daaraan. 600 000 gevalle van borskanker kan elke jaar voorkom word deur vitamien $D_3$-aanvulling. Vitamien $D_3$ beskerm ook teen alle ander vorme van kanker. Voedsel bevat slegs geringe hoeveelhede vitamien D en ons velle word nie daagliks aan genoeg sonlig blootgestel om dit op natuurlike wyse te vervaardig nie.

7. **Skin Damage control**™ is 'n mondelikse aanvulling wat beskerming verleen teen veroudering wat deur UV-sontrale veroorsaak word, wat plooie en versnelde velveroudering tot gevolg het. Alhoewel dit belangrik is om sonskermrome te gebruik, wat eksterne fisiese beskerming teen die son verleen, voorkom hierdie rome nie al die skadelike prosesse wat diep binne-in die vel plaasvind nie.

8. **Stress Damage control**™ bevat gekonsentreerde medisinale kruie-ekstrakte wat help om die hart, brein en liggaam te beskerm teen skade wat deur stres veroorsaak word, soos hartaanvalle, beroertes en geheueverlies. Dit verbeter ook werksvermoë deur jou te help om stres beter te hanteer en breinaktiwiteit te bevorder. Nie een van die bestanddele wat in Stress Damage Control™ voorkom, word in die dieet aangetref nie; daarom is aanvulling noodsaaklik.

*[Verwerk uit Sarie : Februarie 2010]*

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL, ADVERTENSIE EN STROKIESPRENT

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**VERHOUDINGS 101**

1. Februarie is liefdesmaand. Vir baie 'n tyd om daardie spesiale een in jou lewe te bederf.

2. Maar baie sien eerder die dorings as die rose in 'n verhouding raak. Komplimente het plek gemaak vir verwyte.

3. Dalk is dit nodig dat julle na die (hakplekke/haakplekke) in jul verhouding soek en ook kenners se raad volg.

4. Daar is 'n ou gesegde wat lui dat liefde by die agterdeur uitstap as armoede by die voordeur instap. Dis waar, veral in die moderne tye waar materiële welvaart baie laat noustrop (______).

5. "Die ekonomie beïnvloed beslis die verhouding in die huwelik," vertel André Snyman, 'n finansiële raadgewer van Pretoria.

6. Praat betyds oor geld en finansiële rolle – verkieslik nog voordat julle besluit om 'n ernstige verhouding aan te knoop. Maak seker julle het dieselfde verwagtings.

7. Kenners beklemtoon dat paartjies vroegtydig op 'n strategie vir skuld moet besluit. Dit sal keer dat julle jul verhouding stomp afeindig.

8. Victoria Collins, skrywer van *Couples and Money,* sê alle mense se siening oor geld is gegrond op vier primêre motiverings: vryheid, sekuriteit, mag en liefde. Stel vas hoe jou maat geld se rol in sy/haar lewe sien en ontleed jou eie siening. Sodra jy dit verstaan, is die stryd halfpad (wen)

*[Verwerk uit: Taalgenoot, Februarie 2008]*

3.1 Gee die korrekte afkorting van 'Februarie' (paragraaf 1) (1)

3.2 Watter bekende liefdesdag vier ons op 14 Februarie? (1)

3.3 Gebruik die homoniem van "bederf" (paragraaf 1) in 'n verhelderende sin. (1)

3.4 Gee die verkleinwoord van 'dorings' (paragraaf 2). (1)

3.5 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer: vra vir (komplimente) kaartjies vir die vertoning. (1)

3.6 Gee die intensiewe vorm vir 'nodig' (paragraaf 3). (1)

3.7 Kies die korrekte woord: 'hakplekke/haakplekke' (paragraaf 3). (1)

3.8 Gebruik die homofoon van 'lui' (paragraaf 4) in 'n verhelderende sin. (1)

3.9 Watter tipe werkwoord is 'is' (paragraaf 4)? (1)

3.10 Skryf die antoniem van 'moderne' (paragraaf 4) neer. (1)

3.11 Voltooi die vaste verbinding in paragraaf 4: 'noustrop ...' (1)

3.12 Skryf André Snyman se woorde in paragraaf 5 in die indirekte rede. (1)

3.13 Brei ' 'n finansiële raadgewer van Pretoria' (paragraaf 5) uit tot 'n byvoeglike bysin. (1)

3.14 Gee die meervoud van 'huwelik' (paragraaf 5). (1)

3.15 Kies die VERKEERDE woord. Skryf net die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.15) neer.

'n Sinoniem vir 'verwagtings' (paragraaf 6) is ...

A hoop
B afwagting
C rekenskap
D swangerskap (1)

3.16 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.16) neer.

Die woord 'afeindig' (paragraaf 7) is 'n samevoeging uit 'afsluit' en 'eindig'. Dit is 'n voorbeeld van ...

A toutologie.
B volksetimologie.
C kontaminasie.
D repetisie. (1)

3.17 Skryf die eerste reël van paragraaf 8 oor en stel die taalfout reg. Skryf die frase korrek neer. (1)

3.18 Lei die korrekte woord in paragraaf 8 af: 'die stryd is halfpad (wen)'. (1)

**EN**

**ADVERTENSIE 'n**




*[Uit: Taalgenoot, Jul/Aug 2008]*

3.19 Gee die betekenis van 'post' (opskrif). Skryf slegs EEN woord neer. (1)

3.20 Hoe dra die tipografie by tot die sukses van die advertensie? (1)

3.21 Verduidelik die woorde 'Plaas jou eerste in die toekoms' in jou eie woorde. (1)

3.22 Waarvoor staan ATKV? (1)

3.23 Kies die REGTE antwoord. Skryf net die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.23) neer.

'gerugsteun' (2de praatborrel) beteken ...

A gedra
B gereël
C ondersteun
D bygestaan (1)

3.24 Gebruik die volgende uittreksel uit die HAT (2005) om die vrae te beantwoord.

**kur'sus** s.nw (-se) (L.) 1. Reekse lesse in 'n vak volgens vaste plan, wat 'n afgeronde geheel vorm; leergang: *'n Kursus in taalkunde volg* 2. Leerjaar: *In kursus II word vier vakke gevolg.*

3.24.1 Skryf die lettergreep neer wat die klem dra. (1)
3.24.2 Aan watter taal is die woord 'kursus' ontleen? (1)

3.25 Lei 'n byvoeglike naamwoord af van 'potensiaal'. Jy is 'n _______ wenner. (1)

3.26 Watter verskil in betekenis sal voorkom as die voorsetsel in 'Deelname aan die ATKV-Postmatriekprogram' na 'by' verander word? (2)

**EN**




*[Uit: Leefstyl, 20 Januarie 2010*

3.27 Wat is die geïmpliseerde betekenis van:

3.27.1 die pa se gedagtes in raam 2? (1)
3.27.2 die seun se woorde in raam 2? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**